# Waterkruik

**JAARGANG 51** **NO 7** **23 Februarie 2014**

***EREDIENS VANDAG***

Vanoggend word die Heilige Nagmaal gevier. Die nabetragtings-diens sal tydens die aanddiens plaasvind.

*Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook die wat nie geld het nie, kom, koop en eet; Ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk. Jesaja 55:1*

***WYKSBEURTE***

***Vandag*** *Wyke 7 & 8*
*Oudle.:* Renier van der Merwe en Giel de Lange
*Diaken:* Marjan van der Walt

***Volgende Sondag:*** *Wyke 9&10*
*Oudle.:* Jasper Steyn Tjaart van der Walt
*Diaken:* André Els

***TEESKINKBEURTE***

As gevolg van die viering van die Heilige Nagmaal sal daar vanoggend geen tee en koffie bedien word nie.

Volgende Sondag is dit die beurt van wyk 17 o.l.v Inka Wepener.



***KOLLEKTE***

*Vandag:* **Teologiese Studentekas**

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

*Volgende Sondag:*

**GKSA Sustentasiefonds**

Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is

## *GEBEURE DIE WEEK*

***Maandag:***

Katkisasie soos gereël.
19:00 Bybelstudie Groep by die Pastorie

***Donderdag***

Bybelstudiegroepe
08:30 Groep 1: – by sr Hendrien Meiring
10:00 Groep 2: In die Konsistorie

19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar in die Pastorie.

## *VERJAARSDAE*

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here, . ."*
*Ps. 112: 1*

*Vandag*
Sr. Olive Beeton 082 481 2940
Sr. Elsabé Hamman 082 451 1983

*Maandag 24 Februarie*
Sr. Elsie de Lange 012 361 1403

*Dinsdag 25 Februarie*
Johannes Dreyer 012 460 6937
Sr. Nelie Enslin 012 362 4799

*Woensdag 26 Februarie*
Kara le Roux 082 901 6167
Divan van der Merwe
Br. Sean v d Merwe 082 562 6752

*Vrydag 28 Februarie*
Br. Chris van Eeden   076 386 4141

*Sr. Olive Beeton vier vandag haar spesiale verjaardag. Hartlik geluk.  Mag die Here u vandag en elke dag omvou met Sy goedheid en genade. Mag die nuwe lewensjaar vir u vol sonskyndae wees. Ons wens u 'n mooi dag toe saam met u familie.*

## ***MEELEWING***

Sr. Ena du Preez is nog steeds in die Wilgers Hospitaal. Haar vordering is egter stadig. Ons bid haar en Jan krag en sterkte toe vir elke dag.   082 576 7070
Ons is saam met Sr. Marie Vos dankbaar dat dit soveel beter gaan na haar heupvervanging en dat sy tuis aansterk. 076 089 0277
Vreugde : Ons wens graag vir Piet en Elsabe Malan geluk met die geboorte van 'n kleinkind op 7 Februarie. 082 447 3911

## ***NUWE INTREKKERS***
Ons is dankbaar om u mee te deel dat daar nog 2 attestate gekom het.
Johan en Emmaré Stronkhorst het van Pretoria Brooklyn by ons aangesluit. Hulle woon in Weavindpark.

Sr. Joey Lindeboom kom van Pretoria-Annlin en woon in Newlands.

*Hartlike welkom in ons midde.  Ons weet dat julle sommer gou tuis sal voel in ons gemeente.*

## ***MET ATTES VERTREK***
Hannes en Ann Viljoen vertrek, na 19 jaar in ons gemeente, met attes na Kleinmondgemeente waar hulle gaan aftree. Ons wens julle alles van die beste toe.

## ***BEROEPE***
### **BEROEPE ONTVANG**
Ds CB Robinson van Rustenburg na Walvisbaai / Swakopmund / Hentiesbaai.
Ds TJ van Vuuren van Heilbron na Rietvallei as medeleraar.

### **BEROEPE BEDANK**
Ds WJ Botha van Bloemfontein-Noord na Walvisbaai / Swakopmund / Hentiesbaai.

***EVANGELISASIE - WOORDVERKONDIGING deur die MEDIA***

Die huidige evangelisasie wat die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand aan uitvoering gee, het baie fasette. Een belangrike faset, is die gebruik van die internet.

'n Bietjie agtergrond: Hoewel ons geen aktiewe bemarking gedoen het nie, het die "bywoningssyfer" van Waterkloofrand se preek-uitsendings gegroei tot meer as 800 per maand. Dit is iets waaroor ons baie dankbaar is. Dit is onder andere te danke aan suiwere woordverkondiging en die feit dat die diens beskikbaar is. Dit is vir ons duidelik dat hierdie diens wat ons lewer die potensiaal het om nog baie meer mense te bereik en op 'n baie meer effektiewe manier. Dit is egter baie belangrik dat ons die gebreke en beperkings wat ons tans met ons uitsending mee spook, moet oorkom. Van ons rekenaartoerusting is baie oud, onstabiel en nie meer geskik nie.



Na deeglike oorweging het die Kerkraad besluit om hierdie diens te verbeter en sodoende meer effektief in God se koninkryk te dien.
Ons beplan om onder andere die volgende te doen:

- Ons afhanklikheid van die buitelandse verskaffer moontlik te verminder en nie meer blootgestel te wees aan die probleme wat die verskaffer dikwels ervaar nie.
- Die ou rekenaar te vervang met 'n rekenaar wat kragtig genoeg sal wees om elke Sondag twee video uitsendings te doen.
- Die rekenaarprogram wat gebruik sal word, so te skryf dat die video-uitsendings agterna aflaaibaar is.
- As gemeente 'n effektiewe bewusmakingsaksie te loods as deel van Waterkloofrand se uitdra van die Blye Boodskap.

Die inisiatief van die Kerkraad skep 'n <u>ideale</u> geleentheid vir elkeen van ons wat ernstig voel oor ons roeping om die evangelie uit te dra! Ons beplan om die lewendige diens op verskeie maklike maniere bekend te maak. Ons sal later meer besonderhede gee van alles wat ons beplan. Indien dit vir u moontlik is, sou u nou al die projek kan ondersteun deur:

- As u kundig is, u hulp aan te bied met die uitbreiding van die bestaande webwerf.
- 'n Finansiële bydrae te maak vir die aankoop van 'n geskikte rekenaar, die programmatuur en die video-toerusting
- 'n Bydrae tot die maandelikse uitgawes van die diens bv. die internetkoste.

Gerhard Koekemoer (skakel my gerus: 012 346 0329)
(Ander lede van die ad hoc kommissie: Gerrit Broos, Daniel du Plessis, Henry van Staden.)



## KUIERKAFEE

Ons kuier weer op Dinsdag 25 Februarie om 10:00 in die Kerksaal.

As vervoer 'n probleem is, skakel Hannie Kruger 082 414 0325 of An Venter 012 460 9166.

Wat doen ons daar? Ons gesels, lees koerant, drink en eet lekker, brei , vertel stories, onthou van toeka se dae….. m.a.w. ons kuier. En almal is welkom.

***"DIE BYBEL : 'N DIREKTE VERTALING" (2 )***

*Hoe word die werk deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gedoen ?*

Die vertaling verloop in 5 fases.In die 1 ste fase werk 'n eksegeet (Ou en Nuwe Testament) en 'n brontaalkenner (Hebreeus of Grieks) saam aan 'n Bybelboek en lewer dan 'n vertaling en uitgebreide aantekeninge aan 'n persoon wat 'n intravertaler genoem word. Dit is 'n opgeleide Suid-Afrikaanse taalpraktisyn of vertaler) of 'n erkende digter of kreatiewe skrywer wat die teks dan in goeie Afrikaans weergee. Die eksegeet waak dan steeds oor die getrouheid van die bronteks.



In die 2e fase gaan die teks na Afrikaanse taal en –letterkundiges wat nagaan of die teks wel goed verstaanbare Afrikaans is, waarna die eksegeet en die intravertaler weer seker maak dat die vertaling getrou is aan die bronteks. Hiena word die teks deur die Redaksionele Komitee nagegaan.

In die 3e fase word die teks vir kommentaar en voorstelle na lesers gestuur wat deur die meewerkende kerke benoem is.Die vertaling word ook onder die Bybelgenootskap en op ander maniere onder ander groepe se aandag gebring. Hiena word die kommentaar verwerk en weer aan die Redaksionele Komitee voorgelê.
Hierna volg die belangrike 4e fase waarin die konsekwentheid van die vertaling in bepaalde versamelaarsboeke (soos die eerste 5 boeke van die OT, die evangelies, die briewe van Paulus) gekontroleer word asook die konsekwentheid van die vertaling tussen die OT en die NT.
In die 5e fase word die teks deur die Begeleidingskomitee gefinaliseer.

***Let wel.*** *Die Waterkruik se Redaksie verneem dat 'n weergawe van die vertaling van die Psalms en die meeste boeke van die Nuwe Testament (in die tweede fase van die proses van vertaling - kyk hierbo) op 12 Maart 2014 in Bellville en in Johannesburg bekend gestel word en dat bestellings vir die boek reeds op 3 Maart geplaas kan word .*

## ***GODSDIENSTE VAN DIE WêRELD (6) : BOEDDHISME***

Boeddhisme is die 4e grootste godsdiens in die wêreld. Volgens oorlewering gaan dit terug na Siddjarta Guatama, 'n Indiese prins wat tussen 563 en 483vC sou geleef het en op die ouderdom van 29 jaar 'n lewe van gemak verruil het vir dié van 'n swerwende, soekende askeet. Insig in "waarheid" kom by hom op 35 jaar na jare se meditasie. Hierna heet hy "Boeddha" oftewel die Verligte.
Die insig waartoe hy gekom het, is dat die laaste werklikheid wat die bestaan ten grondslag lê, leeg is. Boeddha het ook geoordeel dat die godheid leeg is. Die mens probeer 'n lewe leef wat reëlreg teen dié fundamentele waarheid ingaan. Alles wat die mens tot stand bring is blootgestel aan aftakeling en die instandhouding daarvan bring mee dat die mens die grootste deel van sy of haar lewe in 'n sinnelose slawerny deurbring.
Eers wanneer die mens die Groot Leegheid as tuiskoms (nirvana) aanvaar het, open die moontlikheid van vrede en 'n sinvolle bestaan.



Die 4 heilige waarhede wat Boeddha ontdek het, is : 1) die hele lewe bestaan uit lyding, 2. Die oorsaak van die lyding is die ingebore lewensdrang van die mens, 3) as die mens daarin kan slaag om die lewensdrang te dood, kan die sirkelgang van die lyding verbreek word, 4) die manier waarop die lewensdrang gedood word is deur op die heilige agtvoudige pad te stap.
Die agtvoudige pad het die volgende elemente : die regte siening, voorneme, spreke, gedrag, lewensonderhoud, inspanning, aandag en die regte konsentrasie.
*(Christelike Kern-ensiklopedie)*

## ***FOTO'S OP ONS WEBWERF***

Onthou om te gaan kyk na 'n aantal foto's van mense in ons gemeente op ons webwerf. Die foto's is geneem tydens onlangse gemeentefunksies .(www.gkwaterkloofrand.org.za) Daar is ook 2 foto's i.v.m. die belydenisaflegging laas Sondag.

## ***SNIPPERS***

## ***HARTKLOPFEES***

Die  President Kruger Kinderhuise hou op 15 Maart 2014 'n groot fondsinsameling, genoem Hartklop Fees.  Ons versoek die  gemeentelede om ons by te staan om van hierdie geleentheid 'n groot sukses te maak. Om aan hierdie kinders (van baba tot Matriek) se addisionele behoeftes te voorsien soos o.a die aansoek vir leerling en bestuurslisensies, matriek afskeidrokke en pakke, depositos vir kursusse en aktiwiteite, kunsklasse en musiek lesse ens. en nog so baie ander sake waarvoor daar so `n groot behoefte is, is daar addisionele fondse nodig.
Daarom word hierdie konssert gereël om soveel moontlik ondersteuning te kry om in die bg behoeftes te kan help voorsien.
Ons het die taak om 6500 sitplekke vol te maak en is meer as verseker dat met julle hulp ons dit vinnig sal kan doen.

***Hartklop Fees 2014***
***Bok van Blerk, Riana Nel en Bobby van Jaarsveld***
***Kaartjies wissel tussen R 90 - R180***
***Kaartjie beskikbaar by***
www.itickets.co.za <http://www.itickets.co.za>   -  0861 000 291
<https://www.itickets.com/register/new/313298?

## ***WWESS KAMP***

**Wie:** Werkende Wesens en Senior Studente
**Wanneer:** 25-28 April 2014
**Waar:** Bergventure (naby Champagne Castle in die Drakensberge)
**Koste:** R650 per persoon alle etes ingesluit
**Kontak:** Erna Dreyer by **erna@gkrandburg.org.za** of 011 886 0580

## ***EENHEID BESKIKBAAR IN AFTREE-OORD***

Eenslaapkamer eenheid te koop of te huur in Sonnheim Aftree-Oord in Arcadia, Pretoria (http://www.sonnheim.co.za).



- Een slaapkamer met *ensuite* badkamer
- Woonkamer
- Klein kombuisie


Etes word voorsien, mediese sorg en ander dienste is beskikbaar en die vriendelike personeel is bekwaam, betroubaar en behulpsaam.
R145 000 of naaste aanbod. Kontak Tinus by 082 458 9331

***PRETORIA SIMFONIEKONSERT 15 Maart 2014***

Die volgende PSO konsert vind plaas op Saterdag 15 Maart om 19:30 en beloof om 'n fees vir die oor te wees. Dit vind plaas in die Musaion op die kampus van die Universiteit van Pretoria.



Twee jong soliste, beide studente van die Universiteit van Pretoria, gaan optree.
Die pianis Willem de Beer is 'n leerling van Prof Joseph Stanford en het al verskeie Nasionale pryse gewen.



Wernd van Staden, 'n jong lidmaat van ons gemeente, is die PSO se hoof tjellis. Hy studeer tans Bmus en BSc graad gelyktydig aan die UP. Hy is 'n leerling van Berthine van Schoor.

Die konsert "Finesse, a foray into French Romanticism" word gedirigeer deur Gerben Grooten. Die program bestaan uit:
Fauré – Elégie vir tjello en Orkes. Die solis is Wernd van Staden
Saint-Saëns – Klavierkonsert No 5, solis Willem de Beer
Franck – Simfonie in D mineur.

Kaartjies is by Computicket beskikbaar.

*Vriendskap is soos die natuur. Soms waai ons by mekaar verby sonder om te stop en te vra hoekom die ander so verkreukeld lyk. Die lewe se wind dra ons weg met 'n oppervlakkige "Goed dankie" en "Sien jou later". Soms sien ons eers baie later die rypskade aan die ander se brose binneste en wonder ons hoekom het ons nie lankal gevra nie. Soms sien ons net die lentekleur raak op 'n gesig en is ons nie eers bewus van die wurm wat aan haar binneste vreet nie. Soms wonder ons of dit net die wind is wat haar wegbuig van ons af en of dit dalk die stingeltjie self is wat sy stokstywe ruggie op jou draai.*

*Pluk iemand ons vir 'n ruiker uit God se tuin, wriemel ons weg van mekaar.*

*Roos se dorings steek te seer en papawer wil mos langs niemand wees nie! Koringblommetjie kruip weg van skaamte oor haar kartelhoede en Hibuskus wonder of almal weet van haar verlede. Intussen vergeet ons dat die Here afkyk op Sy tuin en net pragtige blomme sien. Almal is ewe mooi, ewe kosbaar, ewe goed in Sy oë.*


**** Vergewe my*** *daarom as ek by jou verbygewaai het op 'n herfsoggend en nie jou hand gevat het in die sonlig nie.*
**** Vergewe my*** *as ek op 'n wintersoggend nie vir jou 'n trooskombersie van woorde wou oorgooi teen die rypskade nie.*
**** Vergewe my*** *as ek op 'n lente-oggend selfsugtig met my eie nuwe blare loop en spog het en nie die kneusplekkies aan jou stingeltjie gesien het nie.*
**** Vergewe my*** *as ek op 'n warm somersdag nie vir jou 'n tydjie gemaak het nie, omdat ek te besig was, self te veel gekla het, te haastig was om aan jou die koelte van my vriendskap te bied.*

***Ek vra verskoning****... weet asseblief dat ek daar is en wil wees vir jou!*

Die kerkkantoor sal gesluit wees tot Donderdag 13 Maart 2014 .
In 'n dringende geval, skakel Eddie Trollip by 083 230 4245.



## ***'n LEWENDE TESTAMENT ("LIVING WILL")***



Weet jy wat dit is?
Het jy een?
Wie het een nodig? Net Bejaardes?
Wat is die wetlike implikasies?
Waar en hoe laat ek een opstel?

Om al die en ander vrae te antwoord is, in samewerking met Dr. Breed, 'n deskundige op die gebied genooi om met die gemeente te kom gesels.

**Spreker:** **Gerhard Truter, van Barnardinc. Prokureurs**

**Wanneer:** **Sondag, 9 Maart 2014, direk na afloop van die erediens**

**Waar:** **In die kerksaal**

**Tydsduur:** **Ongeveer 20 min tot halfuur (afhangende van hoeveel vrae en verdere belangstelling)**

**ALMAL is baie welkom!!**

